## OOR TIENDES

*deur Stephan Joubert (E-Kerk) - verkort*

**Vraag:** Hoe balanseer mens die gee van tiendes en die eise van die onder-steuning van jou gesin? Kan van die geld wat my tiende uitmaak eerder aan behoe-wiges gegee word as die kerk?

**Antwoord:** So 'n paar punte in antwoord…

1. Vir die N.T. is **ons ganse lewe 'n lewende tiende**. Om dus net oor tiendes te gesels as afgeweegde geld tot op die letter, is om moontlik selfs weer 'n gevangene van dit te word waarteen Paulus in Kolossense 2 waarsku, naamlik 'n wettiese, uiter-like godsiens. Nou is ons hele lewe 'n lewende offer aan God (Rom 12:2). Daarom gee ons, wanneer die Here dit van ons vra, nie net 'n tiende nie, maar sommer 50%, soos 'n Saggeus (Lukas 19), of selfs 100%, soos die arm weduwee (Lukas 21).

2. Die nuwe norm van die Nuwe Testament is dat **Jesus alles vir ons gegee het**, daar-om is die hart van Christus nou in ons binneste wat maak dat **ons alles vir Hom en ander gee** (Fil 2:1-11). Jesus wat ryk was, het ter wille van ons arm geword sodat ons wat arm is in Hom ryk is (2 Kor 8:9). Daarom kan ons weggee. Geen wonder dat Paulus in 2 Kor 8:1-5 verwys na die Masedoniese Christene wat hulleself eers aan God en toe aan Paulus gegee het, toe hulle 'n geldelike bydrae wou maak vir die arm Christene in Jerusalem. Die nuwe roete is dus **om jouself te gee as 'n offer.** En offers maak seer. **Dit vra alles**. Daarom is my tiendes nie net meer my geld nie, maar ook my tyd, talente, energie en diens. My tyd en my talente is ook deel van my lew-ende tiendes wat ek weggee.

3. Die nuwe beginsel vir Christelike gee, is in Handelinge 20:35 waar Paulus (wat vantevore 'n wetsgehoorsame Fariseer was, maar glad nie meer tiendes voorskryf as hy oor geld in sy briewe skryf nie) meld dat **hy hard gewerk het sodat die armes ook iets het om te eet. Kortom, ek moet ook werk sodat ek geld het om vir die armes te gee**. Ek dien hulle deur 'n feesmaal vir Jesus se gunsteling mense – die armes, kreupeles, lames en blindes van Lukas 14 – aan te lê. My geld word nou nie net op myself gespandeer nie, maar op die armes ook.

4. Kortom, dit lyk asof die tiendes van die O.T. na die N.T. skuif van blote geld of oeste of besittings wat ek gee, na **my ganse lewe as tiende**. **Alles wie ek is en wat ek gee is offers.** Dit moet my iets kos. Maar ek moet nie met 'n skuldige gewete opgeskeep sit en meen ek moet geld, soos die Fariseërs afweeg en meet nie. Dan koop ek my gewete af as ek meen ek het getrou my geldelike tiende gegee. Jesus vra meer. Hy vra myself as lewende offer.

***Liewe Gemeentelid van Rietfontein-Suid: Gee jouself vir die Here. Jou tyd, ver-moëns, talente, gawes, en natuurlik ook jou geld en besittings. Stel alles in Sy Diens, en tree so as 'n rentmeester op van alles waarmee die Here jou seën.***

***Ds Leon Tait.***



Maandblad
NG Rietfontein-Suid
Die Rietfluit
Jubeljaar 60
OKTOBER 2014

## OKTOBER, DIE MOOISTE MAAND VAN DANKBAARHEID



Ons het pas 'n geseënde 50 dae van hoop beleef. Die Here het aan ons vars en nuwe hoop kom skenk sommer op baie verrassende maniere.

Met ons lewens vol hoop betree ons nou Oktobermaand. Dit is 'n mooi maand vol sonskyn en bloeisels.

In die tuin van ons harte en lewens groei daar saam met hoop ook die blom van dankbaarheid.

Oktober, is in die gemeente, die maand waarop ons op dankbaarheid fokus.

*Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag (1 Tes 5:18)*

***Hoe gelukkig 'n persoon is, hang af van die graad van dankbaarheid (John Miller)***

***gelukkige mense is nie dié wat die meeste het nie, maar dié wat die meeste dankbaar is vir wat hul het. (Oehler)***



***die moeilikste wiskunde om te be-meester is dit wat ons in staat stel om ons seëninge te tel. (Hoffer)***

*Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus*
*2 Kor 2:14*




Dankbare mense besit iets ligs in hul lewe. Hulle sien dikwels die klein dingetjies raak en is gelukkig daaroor. As jy iets vir hulle doen, voel jy byna verleë oor hulle spontane dankbaarheid. (Konijn)

Ek wil U loof met 'n dankoffer,
ek wil die Naam van die Here aanroep.
**Psalm 116:17**

*Dankie* kom van die gebedswoord *Dank U...Waar ek ookal loop en ek sit my een voet neer sê ek "dank" en as ek die ander voet neersit volg "U". As jy sukkel daarmee sit 'n dankie-klippie in jou sak. Elke keer as jy dit voel sê dan dankie!*

ds Leon van Heerden

**Dankie aan die Gewer van hoop**





**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992


**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze by 072 111 3100 of ilzedples@gmail.com




## BEGROTING TOT AUGUSTUS 2014

| NG GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID | WERKLIK | BEGROOT |
|---|---|---|
| Maandelikse Dankoffer | R 869,138.00 | R 922,092.00 |
| Offergawes Eredienste | R 135,563.00 | R 146,505.00 |
| Sinodale deurkollekte | R 15,467.00 | R 19,268.00 |




Daar is groot dankbaarheid omdat Augustus se bankbalans 'n oorskot toon vir die eerste keer die jaar.
Dankie aan ons Hemelse Vader en ook aan lidmate met oop harte en oop hande.

### Kambodja-projek - "Rys vir arm oumense"

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.
Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:
Bamboo shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900
Verwysing: Voedingskema

# Taakspan vir Seniors

Die jaar 2014 spoed na sy einde. Van die begin van die jaar af het daar baie dinge gebeur. Ons het by die kuierhoekie elke week, behalwe vakansietye gereeld bymekaargekom. Ons het ontdek dat ons ou groepiemekaar baie nodig het. As dit vakansie is en ons kom nie bymekaar nie, dan verlang ons na mekaar. Ons voel eintlik eensaam sonder mekaar.

Ons is trots om te meld dat ons seniors ons gewig in die gemeente ingooi. Daar is van ons wat gereeld tydens begrafnisse tee skink en verversings voorsit.. Daar is van ons wat omgeegroepe bywoon, maar wat ook Bybelstudies by die dominees bywoon. Op hierdie wyse deel ons jarelange ervarings met ander, maar terselfdertyd is ons ook bereid om te leer by ander. Ons het die Woord trots gebruik, maar einlik is daar in ons harte dankbaarheid tenoor ons liewe Vader wat vir ons so genadig is.

Ons reël uitstappies. Ons beoog om binnekort die dieretuin te besoek. Woensdag 1 Oktober woon ons ‘n byeenkoms van seniors by Hatfield Christain Chursh by. In ons eie gemeente sal ons DV Woensdag 8 Oktober ‘n konsert aanbied, waar Louis John, ‘n bekende jong kunstenaar sal optree. By die geleentheid nooi ons alle seniors in ons gemeente sowel as in die hele Moot uit. Ons luister na die uitvoering wat hy aanbied, en ons sal daarna saam tee drink en verversings geniet. Dit beloof dat dit net lekker kan wees.

Dit is met hartseer dat ons moes verneem van die afsterwe van ons seniors die afgelope tyd. Rudolph en Marge De Beer is so kort na mekaar oorlede. Ons harte en gebede is by elkeen wat ongesteld is. Oom Lesley Davel en oom Frikkiie van Zyl is opgeneem in die AGS ouetehuis. Van ons ander lede bevind hulle ook maar gedurig by die geneeshere en spesialiste. Ons versoek elkeen van julle om maar gedurig in julle voorbidding aan ons te dink.

Ons sê dankie vir elkeen wat ons seniors besoek en ondersteun. Ek wil graag name noem, maar uit vrees dat ek dalk ‘n naam kan uitlos, sê ons net dankie. Ons waardeer julle liefde en ondersteuning Daar is van julle wat besoeke aan huis sowel as in die hospital bring.

Ons nooi jou uit om nie so alleen by die huis te sit nie. Kom word deel van ons. Skakel die volgende nommers: Dirk van Zyl 0840388993, Kerkkantoor by 0123313531, Sophie von Brandis by 0123313993.

Ook baie dankie vir Elna en Jeanette in die kerkkantoor wat vir ons so met deernis bystaan en ondersteun.

ONS SENIORS



# !! ONTHOU DATUMS !!

- **3 Okt:** Skole sluit
- **13 Okt:** Skole open
- **19 Okt:** Aandnagmaal @18:00
- **26 Okt:** Youthbash

Sien jou daar!




## KARWAS




**Elke eerste Saterdag van die maand**

**Waar ?** Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

**Pryse**: was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

**Tyd**: **9:00-12:00**

Om vir werkloses geleentheid te skep vir ‘n paar rand oorlewingsgeld

# DANKIE AAN DIE GEWER VAN HOOP

Ons het weer gedurende die 50 dae ervaar hoe God ons seën op baie maniere. Een van die aangrypendste getuienisse van hoop, is dit wat Riaan en Elmarie ervaar het. Lees dit gerus self!

***<u>Zoey se verhaal van HOOP!!</u>***

Zoey. Die naam beteken LEWE!

Min het ons aan die begin van die swangerskap geweet, toe ons die naam gekies het, dat dit presies die Here se plan vir Zoey was: om te lewe!!

Van die begin af was die swangerskap moeilik. Maar op 24 weke het ons bloedtoets teruggekom en dit was positief vir Down-sindroom. Daar is van hier af soveel negatiewe dinge oor haar uitgespreek deur die dokters, maar ons hoop was net op God.

Die dokters was ook bekommerd omdat sy so klein was, veral haar kop. 'n Klein kop beteken egter 'n klein brein. Die dokters het gesê haar brein het nie voldoende ontwikkel nie.

Ons is gestuur vir 'n cordosintese, 'n prosedure wat 'n 1 uit 100 kans het om op 'n miskraam uit te loop. Maar die toets het gelukkig goed afgeloop. Dit was 'n stresvolle week, vol onsekerheid waarin ons moes wag vir die uitslae van die toetse. Baie trane en slapelose nagte, baie gebed en smeking vir ons ongebore baba.

Maar toe gebeur die eerste wonderwerk. Die toetsuitslae het teruggekom as negatief vir Downsindroom of enige chromosoomafwykings. Rubella en ander viruses waaroor die dokter bekommerd was, het haar ook nie aangetas nie. Ons was verheug en het alle eer aan God gegee. Ons het gedink hierdie moeilike tyd is agter ons.

Maar daar het nog 'n lang woestynpad voorgelê. Die dokter wou 'n MRI-breinscan op Zoey doen om te kyk of haar brein ontwikkel. Die dokter het na die breinscan gesê dat dit moontlik Lissencefali kan wees, 'n breinafwyking wat jou kind erg gestrem laat met min of geen vooruitsigte of lewenskwaliteit vir jou kind. Sy het twee keer aanbeveel dat ons die swangerskap termineer.

Maar die Here het weereens vir ons 'n ander pad aangewys en ons is na 'n neuroloog. Hy het genadiglik gesê dat dit nie Lissencefali is nie, maar dat dit vir hom lyk soos Microcefali, ook n breinafwyking wat jou kind gestrem laat met onophoudelike epileptiese aanvalle ens. Hy het gesê dat ons oor vier weke weer 'n MRI-breinscan moet doen. Op hierdie stadium het hy dit 'n 50/50% kans gegee. Sy laaste woorde aan ons was dat God geloof beloon en dat ons net moet glo en vertrou.

Die vier weke wat ons moes wag, het soos 'n ewigheid gevoel en talle mense het vir haar begin bid. Al waaraan ons kon vashou was ons HOOP op en geloof in die Here. Ons moes net glo en vertrou, al was dit party dae hoe moeilik.



Toe ons teruggaan vir die tweede breinscan het God die tweede wonderwerk vir Zoey laat gebeur. Die breinscan het getoon dat haar brein in vyf weke se tyd agt weke se groei getoon het en haar brein was hierdie keer heeltemal normaal. Die dokter het gesê daar is geen mediese verduideliking vir die vinnige ontwikkeling van die brein nie. Die dokter het ook gesê, as hy nie self die eerste breinscan op haar gedoen het nie, sou hy dit moeilik kon glo dat die dieselfde baba se brein was, wat in so kort tydjie so drasties gegroei het.

Sy weeg nou op 31 weke 1,4kg en alles lyk normaal en goed ontwikkel. Ons kan die Here net loof en prys vir hierdie wonderwerk in ons lewe.

Ons wil graag dankie sê aan almal wat so vir ons en klein Zoey gebid het. Ons glo gebed het hierdie wonderwerk laat gebeur. Ek dink ons storie wil net weer bewys dat mens nooit hoop moet verloor in 'n hopelose situasie nie. Die Here het altyd die laaste sê, maak nie saak wat medici, bloedtoetse of breinscans sê nie.

Bid asb vir ons vir 'n geseënde swangeskap verder, tot 30 Oktober wanneer Zoey gesond en normaal gebore word, as dit God se wil is.

# 10DE MAAND DANKOFFER inhandig 2 November 2014

AAN AL DIE GEMEENTELEDE

*Gemeentelede se dankoffers vorm die basis van die Gemeente se inkomste.*

Die groter doelgerigtheid om ons roeping as Kerk uit te leef, hou groter finansiële verpligtinge in.

Daarby ondervind die Gemeente die probleem van steeds stygende kostes soos salarisse (11 personeellede), munisipale heffings, onderhoud aan eiendom en administrasie soos telefoonkoste, drukwerk.

'n Vriendelike, dog dringende, versoek word dus aan elke lidmaat gerig om asseblief weer biddend te gaan besin oor u 10de Maand Dankoffer

Baie dankie vir die wyse warop u tot nou toe 'n bydrae gelewer het om die Gemeente in staat te stel om ons Hemelse Vader se Koninkryk te dien.

**10de Maand Dankofferkoeverte is te kry by MI Toonbank of in die vakkies by die deure.**